



KITSNUUS

Lees meer binne

Karnavalmeester nooi jou
Bl 2

Orania bou onverpoosd
Bl 3

**Sekretaressedag:
Kommentaar**
Bl 4

**Opvoedkundig:
Temperamente**
Bl 5

Witkruisprojek is hier!
Bl 6

**10 vrae: Elmarie
Lambrechts -
Kontreiwinkel**
Bl 8

**Ons Paradys
Tuinuitdaging '26**
Bl 10

Gimnaste kry erkenning
Bl 12

SKAKELS



www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media



Die pad na Orania se toerismehart

Dia van Staden

ORANIA – Die infrastruktuurontwikkeling in Orania het 'n nuwe opwindende mylpaal bereik met die amptelike aanvang van die Oewerpad-projek (Diamantlaan). Aangesien Orania geen staatsubsidies ontvang nie, word hierdie belangrike pad vir toerisme en gemeenskaps groei deur selfdoen-inisiatief en skarefinansiering gebou.

Die projek het afgeskop met 'n stewige R1 miljoen as aanvangsbegroting. Dit is moontlik gemaak deur R600 000 wat die Orania Dorpsraad op 'n vorige serwituutpad bespaar het, tesame met 'n R400 000-

skenking van die Orania Ontwikkelingsmaatskappy. Om die totale geskatte begroting van R3 miljoen tot R3,5 miljoen te dek, word daar gemik om nog R2 miljoen deur die gemeenskap en buite-ondersteuners in te samel. Amper R500 000 is reeds ingesamel.

André van Heerden, Hoof van Ingenieursdienste by die Orania Dorpsraad, erken dat hy aanvanklik skepties oor skarefinansiering vir 'n padprojek was, maar dat die vordering sy verwagtinge oortref.

Belangrike tegniese feite rondom die projek: Omvang: Die totale lengte wat geteer word, is Vervolg op bl. 2...



Kiana Strydom ontvang die trofee vir die beste lintdans. Storie op bl. 12

DIE HEUWELS FANTASTIES

Saterdag 3 OKTOBER 20:00 Feestent

JUF. Linky

Vrydag 2 OKTOBER 20:00 Feestent

THE MORNING AFTER BAND

Saterdag 3 OKTOBER 15:00 Feestent

ORANIA KARNAVAL 2026

1-3 OKTOBER 2026

Orania Sportterrein

Vry 2 Okt **Gratis**
Sat 3 Okt Volw **R80** Kind **R40**
www.oraniakarnaval.co.za

1991-2026 **35** Orania

KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden

Grafiese ontwerp: STORM

redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180

Foto slegs ter illustrasie

Wafelhuis Orania

**SMAAKLIKE
SMULLEKKER
SOET GENOT**

076 705 2796/082 856 8391

Afsaalgebou, Orania

KOFFIE EN KLETS

met die redakteur

Vlugvoos vir die uitdagings



Wie is nie lief vir reis nie? Wie wil nie ook soms ontvlug van sy of haar huidige omstandighede om 'n plek of tyd te kry waarin jy kan wegraak nie? Soms het jy net jou badkamer as 'n plekkie van veiligheid en alleen wees. In Orania kan jy in veiligheid buite gaan stap en die natuur, 'n skoon omgewing en vriendelike mense beleef. Daar is 'n hele klomp plekkies en wegsteekhoekies waar jy in afsondering kan gaan sit en mediteer of sommer net ontlaai terwyl jy die natuur om jou geniet. Elders moet jy sorg dat jy in 'n groep beweeg, want dit is nie veilig om dit alleen te doen nie. Wat het omstandighede ons geleer oor uitdagings? “In die ou dae” het ons ouers gesê ons moet elke uitdaging aangryp! Deesdae is ons mense maar skugter om te erken dat uitdagings buite hul gemaksone lê. Dit wil voorkom asof uitdagings eerder potensiele vrees, onsekerheid, konflik, beproewinge en hartseer mag insluit. Dwing eksterne omstandighede ons nou om uitdagings te ignoreer omdat dit negatiewe gevolge mag hê? Hoe berei ons jongmense dan vir die uitdagings van die lewe voor?

Jare gelede het professore my meegedeel dat studente opskop omdat hulle nie emosionele intelligensie besit nie. Dit gaan onder andere oor blootstelling aan die lewe se aanslae, vermoë om te onderskei, verskillende opsies van beroepe en goeie kommunikasievermoë. As jy opgegee het om in jou kop te reis, laat jou kind toe om die ervaring daarvan te geniet! Dir begin met 'n boek, 'n rolprent, 'n televisiereeks, 'n openlike gesprek. Die blootstelling aan MEER! Uitdagings beteken nie dat dit gemaklik of maklik sal wees nie. Dit beteken wel dat jy sal groei, sal ontdek en ingeligte keuses kan maak. Ouers, jy en ek as volwassene het 'n verantwoordelikheid. Vlugvoos is nie 'n opsie nie. Sprei die vlerke as 'n voorbeeld vir jongmense, maar ook sodat hulle uit jou foute en suksesse kan leer. Skink koffie terwyl julle saam aan 'n vlugplan vir die toekoms werk! Openbaring 3:20: Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Dia van Aarden

RUBRIEK Die Wynvlieg waai in Die Teer Rooi Pad Saak

- Wynvlieg Woltemade

Ek hoor alweer dit gons in Orania en die tonge is los. Nie oor vlugteling nie, of daai Amerikaner met die wit baard wat Engels kom praat het nie, maar oor teer. Ja, teer... Die nuwe teerpad op Diamantlaan, die pad wat Oewer toe loop, is besig om bietjie vir bietjie 'n donker streep deur Orania te trek. En soos met enige groot gebeurtenis in 'n klein gemeenskap, het almal skielik 'n mening. Nie noodwendig oor die teer self nie. Die teer is welkom. Baie welkom. Veral vir die mense wat al met 'n skoon wit bakkie Oewer toe gery het en met 'n stoflaag teruggekom het wat jou laat wonder of jy intussen aan 'n veldtydren deelgeneem het. Nee, die vrae gaan oor die belangriker dinge. Wie het besluit? “Hoek-om” hierdie pad? Hoekom nie daardie pad nie? Wie betaal? Wanneer is dit klaar? En, natuurlik, die groot een: wanneer kom die teer voor ons huis verby? Want ons Afrikaners hou daarvan om self te doen. Ons bou self, betaal self, borg self en monitor self. Maar terwyl ons besig is om self te bou, wil ons ook graag weet presies wie waar bou, hoeveel dit kos, hoekom dit daar gebou word en waarom ons eie blokkie nog nie aan die beurt gekom het nie. Die teer kom dus nie sommer net nie. Dit kom met 'n vergadering, 'n bespreking, 'n sakrekenaar en minstens drie mense wat langs die pad staan en kyk of die dikte van die teer reg lyk. En kyk hier, as 'n Afrikaner eers 'n sakrekenaar uitgeruk het... “Ek sê jou, hulle moes eindlik daár begin het.” “Ja, maar dan sou die mense daár gekla het.” “Nou kla die mense hier.” “Dis mos hoe ontwikkeling werk.” 'n Miljoen hier, 'n miljoen daar en sie daar, ons het 'n

pad. En as die pad eers begin, wil almal hê dit moet môre klaar wees. Ons is mos 'n volk wat glo aan selfdoen, maar ook aan onmiddellik-doen. Dié projek is deel van daardie lekker selfdoen-gees. Mense kan 'n blokkie pad borg en só help om die pad vorentoe te trek. Koerania24 het ook sy deel gedoen. 973 en 993. “Dis myne daai.” “Nommer 993.” “Ek het 973 ook.” “Mooi.” “Ja, maar hulle het nog nie daar geteer nie...” En daar lê die hele saak sommer netjies opgesom. Ons wil ontwikkeling hê. Ons wil hê Oewer moet groei, besoekers moet kom en mense moet "skoon" daar uitkom. Ons weet die pad is nodig. Ons weet sulke dinge gebeur nie alles oornag nie. Maar ons wil ook graag die hele proses dophou, bespreek en, indien moontlik, effens versnel. Ek is Wynvlieg Woltemade, en ek sit vanaand terug en kyk hoe die donker streep verder trek. Ek luister hoe die tonge gons en wonder watter blokkie volgende aan die beurt is. Want in Orania kom die pad. Bietjie vir bietjie. Die teer saak is net: jy kan steeds nie met 'n skoon kar op die pad na die Oewer toe ry en terugkeer sonder om hom weer te moet was nie...

Vervolg vanaf bl. 1

ongeveer 700 meter. Tydlyn: Voorbereidingswerk het op 25 Augustus afgeskop. Die doelwitte is om Fase 1 (vanaf die betonpad tot by die Oewerlaan/Diamantlaan-kruising) voor 16 Desember 2026 te voltooi. Fase 2 (tot by die Oewer-ingang) sal sowat 3 maande duur en vroeg in 2027 afkop. Verkeer en Toegang: Tydens Fase 1 word Oewerlaan as 'n alternatiewe roete gebruik, terwyl inwoners toegang via sypaadjies kry. Vir Fase 2 word 'n dienspad langs die staalpyl oorweeg. Voordele & Stormwater: Teer bring minder onderhoud en beter beheer oor stormwater mee. Die kanaal is reeds gevorm en met gras gestabiliseer om stormwaterisiko's van die Rooipad af te beheer. Onderhoud: Die Paaietafdeling van die Orania Dorpsraad sal die nasorg behartig. Daniël en Almie Coetsee, wat onlangs die Aan-die-Oewer onderneming by André en Karin Coetsee oorgeneem het, is uiters dankbaar dat 'n gedeelte van die Oewerpad nou aandag geniet. “Die pad is 'n gereelde klage van ons gaste, aangesien hulle nie altyd die realiteite van selfwerkzaamheid en die prioritisering van die aanwend van fondse verstaan nie. Die boufonds skep nou vir ons die geleentheid om ons gaste aan



Stadsbouers... Gawie Snyman, Joost Strydom, Lida Strydom en Frans de Klerk. Foto: Orania Beweging

te moedig om 'n stukkie pad te koop, sodat die droom van 'n teerpad, uiteindelik tot by ons oordingang, 'n werklikheid kan word,” vertel Daniël. Daniël het self as 'n seuntjie dié klipperige stofpad met sy fiets skool toe gery. Hy is oortuig dat die verbetering van die pad 'n positiewe invloed op die toerismebedryf sal hê, aangesien toerisme een van die fokuspeunte vir Orania is. **Hoe jy jou blokkie kan borg** Koerania het reeds blokke 973 en 993 geborg! Jy kan ook 'n direkte bydrae maak: Besoek bou.orania.co.za. Kies en borg jou blokkie Laai jou Stadsbouer-sertifikaat af en volg die vordering regstreeks! Koerania borg blokke 973 en 993! Ons bou saam!

Orania Karnaval 1 - 3 Oktober

Arno Lambrechts: namens die Karnaval 2026 bestuurskomitee

Lente is in die lug en soos wat die afgelope klompie jaar tradisie geword het, is die Orania Karnaval weer op handel! Ons is baie opgewonde om hierdie karnaval, die sestiende een, aan u bekend te stel. Ons bestuurspan glo daarin om elke jaar te probeer verbeter op die vorige jaar se Karnaval en natuurlik raak dit elke jaar 'n al moeiliker doelwit om na te streef. Gevolglik het ons reeds kort na die afloop van Karnaval 2025 begin om planne te beraam om 2026 die beste Karnaval ooit te maak.

Hier is 'n paar hoogtepunte:

Donderdag 1 Oktober:

NEON NAGDRAF

Hierdie prettraf is altyd 'n wenner en hierdie jaar gaan ons probeer om nog meer pret te bied in die vorm van 'n lekker studente sokkie na afloop van die nagtraf. Die nagtraf is heeltemal gratis so bring sommer die hele gesin vir hope pret.

Vrydag 2 Oktober:

'n Ou gunsteling in die vorm van die volkspele is terug op die program tesame met ons groot vlotoptog, die immergroen gemeenskap toutrekkompetisie en dan sluit ons die dag af met 'n vertoning deur The Morning After Band wat vir ons 'n wye verskeidenheid saamsing-liedjies gaan opvoer. Onthou dat toegang op Vrydag HEELTEMAL GRATIS IS! Ons is ook opgewonde om aan te kondig dat ons die kinder speelpark hierdie jaar baie uitgebrei het met baie meer speelgoed en aktiwiteite. Die jongklomp kan selfs verfbal speel of hulle vermoëns toets met videospelletjies.

Saterdag 3 Oktober:

Meeste van u is seker reeds bewus daarvan dat ons hierdie jaar vir HEUWELS FANTASTIES genooi het om vir ons te kom kuier. Ek weet sommer nou al dat dit fantasties gaan wees! Dis egter nie naastenby al wat op Saterdag gebeur nie. Ons het soveel items dat dit op die einde moeilik geraak het om alles op die program ingepas te kry.

Die karnavalprogram is hier beskikbaar:

<https://oraniakarnaval.co.za/program/>

Kaartjies is aanlyn by

<https://oraniakarnaval.co.za/kaartjiekantoor/>

of by die Orania Poskantoor beskikbaar.



Kaartjies is ook by die hekke beskikbaar maar aanlynkaartjies spaar natuurlik tyd by die hekke. Kostas is reeds vir die vierde jaar in 'n ry onveranderd naamlik Ø80 vir volwassenes en Ø40 vir laerskoolkinders. 2026 Beloof om ons beste jaar ooit te wees met 90 stalletjies wat reeds bespreek het! Daar gaan huisvlyt, snoesterye, kos en koeldrank, gereedskap, dienste, tuinbou en vele meer wees om van te kies en te keur. Ons wil 'n besonderse woord van dank uitspreek aan ons borge, wat hierdie jaar regtig hand in eie boesem gesteek het en ons verwagtinge ver oorskry het met hulle ruim ondersteuning. Onthou dat gratis ingang op Vrydag en onveranderde kostas op Saterdag tot gevolg het dat daar reuse druk op ons begroting is en selfs al het ons nie 'n winsmotief met die Karnaval nie, sou die somme nooit geklop het sonder hierdie staatsmaker borge wat ons jaar na jaar ondersteun nie. Ons nooi elkeen uit om drie dae van pret en plesier saam met die gemeenskap van Orania te kom deel. Ons besef dis slegs met genade van Bo dat ons hierdie jaar ons pragtdorp se 35ste bestaansjaar kan vier en al is daar soveel dinge in die wêreld daar buite wat mens bekommerd kan stem, kan ons steeds kies om in dankbaarheid te leef en ons samesyn as gemeenskap te geniet saam met vriende en familie van wyd en syd. Die Karnaval is om die draai. Kom, kom kuier lekker saam met ons!

Orania bou voort terwyl News24 breek

Dia van Staden

Joost Strydom, uitvoerende hoof van die Orania Beweging, wat verantwoordelik is vir die verduidelik van die Orania-idee na buite, en werf van steun, is reeds jare bekend met dié tipiese ongegronde aanvalle van News24 en soortgelyke mediakanale, aangesien sulke nuusmedia graag relevant wil bly. Sedert die 2000 hofsak en Julius Malema se besoek aan Orania in 2009 het Orania se leierskap uitdagende omstandighede in geleenthede omskep om Orania te bou en sterker te word.

Orania se strategie is nog altyd om realiteite te skep. “Ek is geskok dat ‘n joernalis soos Pieter du Toit in ‘n X-plasing probeer om die Afrikaner te reduceer tot net “iemand wat slaggate reggemaak wil hê”. Hy poog om kultuurskap en die waarde daarvan absurd te verklaar,” verduidelik Joost.

Hy noem verder: “Navorsing toon lank reeds dat lede Orania en die idee van selfbeskikking

ondersteun. As mens realisties Orania se totale ekonomie, besighede ensameer tel, is die begroting van die Solidariteit Beweging vir Orania ver van “Orania oorleem” af. Solidariteit het ‘n strategie om Ankerdorpe, waar baie Afrikaners woon, regoor die land te ondersteun, en veiligheidsinisiatiewe vir Suid-Afrika uit te rol.

Die groei van Bo-Karoo Opleiding is ongelooflik versterkend tot Orania se ekonomie. Studiegelde, verblyf, kos, brandstof en vermaak vir meer as 200 studente versterk besighede en die ekonomie in Orania. Ons sien nou al uit na 800 studente, nuwe inwoners en toenemend meer toeriste wat saam aan Orania bou. Indien Orania tot iets werklik groot vir die Afrikaner wil groei, is 108 000 000 eintlik nog net ‘n begin. ‘n Enkele groot gebou soos die Werksgebou

kan ‘n 55 miljoen rand projek wees! Dit is daarom so belangrik dat ons privaat belegging in Orasol, OSK, die groeifonds, eiendomsontwikkeling en soveel meer moet kry. Ons is baie dankbaar vir Orania ondersteuners wat tot ons projekte bydra.” Na News24 se aanval het die Orania Beweging ‘n beroep op ondersteuners gedoen, borg ‘n blokkie in die pad en stuur julle “Stadsbouer”-sertifikate vir News24 se redakteur, dat hulle kan sien hoe ons bou.

Na die uitnodiging het meer as R110 000 se ekstra bydraes in twee dae ingekom. Die Orania Beweging het hulle reuse dank aan ondersteuners uitgespreek.

Vir volledige inligting, gaan loer gerus op



<https://youtube.com/HmXhDvF2sRo?si=mDKP4Ci4n2EAhl0u>



Gawie Snyman, uitvoerende hoof van die Orania Dorpsraad is ook deur News24 genader met ‘n string vrae waarop hy volledig en akkuraat reageer het. Hy noem: “Die feit dat Orania Aandeleblok oor 35 jaar heen skoon oudits gelewer het, is ‘n sterk bewys van die korporatiewe en finansiële uitnemendheid waarmee die dorp bestuur word.

Hierdie rekord skep vertroue onder huidige inwoners, voornemende inwoners en beleggers. Dit is juis hierdie gevestigde vertroue wat daartoe lei dat die Solidariteit Beweging ons vertrou om ook van hul fondse in eiendom en geboue in Orania te belê. As ‘n selfbeskikkende gemeenskap is Orania ook nie huiwerig om hande te vat met ander instellings en rolspelers wat ‘n bydrae tot Afrikaner-selfstandigheid lewer nie. Sulke samewerking beteken egter nie dat Orania sy selfbeskikking of onafhanklike besluitneming prysgee nie.” Die nadraai van die betrokke News24-berig (en die reaksie wat dit ontlok het) het eerder die vertroue wat Orania oor die afgelope 35 jaar opgebou het, verder onderstreep. “Hierdie vertroue kom nie slegs vanuit die breër Afrikanergemeenskap nie, maar word ook weerspieël in die ondersteuning wat Orania van mense uit die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap ontvang. Orania se rekord spreek uiteindelik vir homself: volgehoue verantwoordelike bestuur, finansiële dissipline, samewerking met ander en die vermoë om oor 35 jaar ‘n selfbeskikkende Afrikanergemeenskap volhoubaar te ontwikkel.”



Frans de Klerk, uitvoerende hoof van die Orania

Ontwikkelingsmaatskappy, noem aan Koerania dat News24 se pogings om Orania se beeld te skaad goeie vrugte afgewerp het. “Orania en die Solidariteit Beweging staan vir Afrikanerbelange, in samewerking met ander gemeenskappe. News24 se 3 artikels het nou daartoe bygedra dat die smeerveldtog in hul eie gesigte ontplof het, aangesien hul geen onthullings kon maak wat nie reeds aan die publiek en lede bekend was nie.”

Volgens Frans is die weerstandsenergie weereens in bouenergie omskep!

HULDEBLYK

Hendrik Johannes Erasmus “Kierie” Coetzee 10 Augustus 1982 - 3 September 2026

deur Rikus van Staden

Met ‘n swaar hart, maar ook ‘n hart wat gevul is met dankbaarheid – dankbaarheid vir ‘n lewe wat ryk was aan liefde, geloof en ook groot betekenis, dink ek aan “Kierie”.

Kierie soos ons hom almal geken het, was nie net my kollega die afgelope 17 jaar nie, maar ‘n broer in Christus en ware vriend. Deur al die jare het ons saam gewerk, gelag, uitdagings aangepak – en ook gebid.

Kierie was ‘n man van karakter. Wat jy gesien het was wat jy gekry het: eerlik, lojaal, met ‘n hart wat diep omgee. Hy het sy rol as eggenoot en pa met trots en sagtheid gedra. Sy liefde vir sy vrou Christie en hul 3 dierbare kinders – amore / amira / simeon – was sigbaar in al wat hy gedoen het. Hulle was sy wereld. So ook Raymond en Adrika sy kinders uit ‘n vorige huwelik. Ten spyte van sy stryd teen kanker, het “Kierie” se geloof nie gewankel nie. Selfs toe sy liggaam verswak het, het sy gees sterk gebly. Saam het ons gebid vir ‘n wonderwerk en saam vasgehou aan “God” se belofte. Want ons weet dat ons hoop nie net in genesing hier op aarde lê nie, maar in die ewige lewe wat Christus ons belowe het.

Romeine 8 herinner ons: “want ons is oortuig dat geen dood of lewe Of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van “God” wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie”

Kierie het daardie waarheid geleef. Sy lewe getuig van ‘n man wat God vertrou het, selfs wanneer hy

nie al die antwoorde gehad het nie. As vriende en familie voel ons die verlies diep. Maar ons treur nie soos mense sonder hoop nie. Ons weet dat ons God ‘n God van trou is. Ons weet dat hy naby is aan die wat gebroke van hart is. En ons weet dat Kierie se nalatenskap voortleef – in sy kinders, sy huwelik, sy werk, en in elke lewe wat hy aangeraak het. My vriend, my broer. Dankie vir die 17 jaar se kameraadskap, jou getrouheid, gebede, gelag en die voorbeeld jy vir my was. Jy het my lewe ryker gemaak. 2 Tim 4:7 beskryf jou hele lewe: jy het die goeie stryd gestry, jy het die wedloop voltooi, jy het die geloof behou.

Mag ons almal hierdie wedloop met dieselfde geloof en vasberadenheid as jy, voltooi.

Tot ons weer ontmoet my maat.



Praat Saam
KOERANIA
mense weet

www.koerania.co.za




Sekretaresse dag

Die Solidariteit Kantoorpraktisynsnetwerk se Sekretaresse dag is weer suksesvol aangebied.



Angel Otto

Angel Otto het as spreker opgetree tydens die Solidariteit Kantoorpraktisyns se vieringe van Sekretaresse dag, haar tema: Kies jouself.



Elraine Maritz

As ek vandag een waardevolle les kon deel met iemand wat môre as sekretaresse begin, sou ek sê: moenie bang wees om vrae te vra nie. Ek het geleer dat jy elke dag iets nuuts leer, veral wanneer jy met ontvangs, administrasie én finansies werk. Aan die persoon wat my pos oorneem, sal ek sê: wees georganiseerd, geduldig en altyd bereid om 'n ekstra myl te loop. Jy is 'n belangrike deel van die span, al sien almal nie altyd alles raak wat jy doen nie.



Danielle Struwig

Die waardevolste les wat ek met iemand kan deel, is om nooit die waarde van jou rol te onderskat nie. Jy is dikwels die eerste glimlag, stem en indruk wat iemand van 'n organisasie ervaar. Na vier jaar in my pos het ek geleer om elke dag met trots, liefde en 'n bereidwilligheid om te leer, te werk. Aan iemand wat my pos oorneem sal ek sê: koester elke oomblik, leer by die mense om jou en maak elke dag 'n verskil – al is dit soms in die kleinste dinge.



Mathilda Hugo

Gee ten alle tye goeie ondersteuning, wees vriendelik en behulpsaam, verdra almal, al is jou werkgever soms moeilik. Sprei jou vlerke in elke afdeling en jy word, onvervangbaar. Onthou, jy is die gesig, die voorblad van die besigheid, as jy lag, lag almal saam as jy lei volg ander, maar as jy traag is, verbitter jy almal.



Linda Ferreira

Wees jou beste jy: gee aandag aan jou voorkoms, jou taalgebruik, jou houding, wees vriendelik, behulpsaam, leergierig, wakker en dapper en energiek. Jy is die maatskappy se eerste venster en jy verkoop jouself sowel as die maatskappy. Werk aan jou selfvertroue, telefoon-en-kommunikasievaardighede. Wees begroot in jou geloof en strew na uitnemendheid. Indien jy vandag by my moet oorneem wees asseblief goed vir jou hoof, dra hom op jou hande, voer sy opdragte stiptelik en getrou uit. Wees altyd lojaal. Wees gelukkig in jouself, want dan kan jy dit uitstraal en ander om jou dien en gelukkig maak. Luister baie, somtyds wil iemand net praat. Wees getrou en trots in jou werk. Bly altyd op jou knieë vir jou kollegas. Wees dankbaar.



Felicity Meyer

My beste raad aan 'n nuwe sekretaresse is om altyd 'n lysie te hê, mooi te luister en nooit bang te wees om vrae te vra nie. Dinge verander vinnig, so wees buigsam en leer om jou prioriteite te bestuur. As iemand my pos moet oorneem, sal ek sê: wees geduldig met jouself, doen elke dag jou beste en onthou dat jy nie alles op dag een hoef te weet nie. Die res leer jy langs die pad.



René Botha

Eerstens: Dis belangrik om te besef dat die persoon in hierdie pos die eerste kontak is vir mense vanuit die gemeenskap en ook van buite Orania. Besef dus dat jy 'n "beeld" uitdra. Tweedens: Ontwikkel jou eie ritme of roetine (solank jy binne spertye of sperdatums dit uitvoer). Derdens: Onthou jou prioriteit is om die kantoor vlot te laat verloop. Dit vergemaklik die lewe vir jouself en die Uitvoerende Hoof. Laastens: Geniet elke oomblik, onthou jou werk is belangrik en jy is waardevol vir almal rondom jou!



Sybella Taljaard

Elkeen van ons moet onthou dat alhoewel jy dalk die kennis en ondervinding het is dit nog steeds 'n vreemde plek wat inbeweeg word. Die mense verskil, die werksplek is anders, die atmosfeer is onbekend. My raad sal wees om net jouself te wees. Jy weet meer as al die ander wat jou potensiaal is. Ken jou waarde as mens, as vrou en stap in die geloof volgens Fil 4:13. Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.



Yolande Swanepoel

As ek vandag vir 'n nuwe sekretaresse een les kon leer, sou dit wees: leer vroeg waar die koffie is – dit kan jou deur baie vergaderings dra! Wees georganiseerd, maar aanvaar dat daar altyd iets onverwags gaan gebeur. Moenie bang wees om vrae te vra nie en leer om te glimlag, selfs wanneer jou inkassie soos 'n berg voor jou lê. As iemand my pos moes oorneem, sou ek sê: pak 'n goeie sin vir humor in... jy gaan dit nodig kry!

Die Solidariteit Netwerksentrum het 'n kenner van persoonlikheidstipes gevra om die mees waardevolle raad vir 'n nuwe werknemer uit die dames se voorstelle te kies.



Contessa Kruger

www.herlaai.co.za

Ek dink byna elkeen wat kommentaar gelewer het, het 'n sterk klap Melankolie weg. Die Melankoliese Temperament besit natuurlike eienskappe wat hulle uitstekende Sekretaresse maak. Hulle heg groot waarde aan detail, logika en hulle is analities en presies. Die Melankolie hou van beplan, is georganiseerd en toon 'n voorkeur vir skedules. Hulle is selfopofferend en sensitief. Dié persone is ekonomies en kan vermorsing nie verdra nie. Hulle kan "die probleem" raaksien voor enige ander persoon dit doen. In sosiale situasies bly hulle op die agtergrond en wil dus niemand se kollig steel nie. Maar 'n waarskuwings woordjie aan al die Melankoliese Sekretaresse: Soms kan 'n gebrek aan selfvertroue (waartoe jy geneig is) jou in 'n posisie plaas waar jy jou laat misbruik. Jy is 'n uiters lojale persoon, maar jy is soms so lojale dat jy jou eie waardes op die spel plaas. So, oefen om nêr te sê as dit nodig is en moet jou nie laat misbruik nie! Die beste en gebalanseerde raad kom van Yolande Swanepoel – Daar is 'n lekker klomp humor in haar opmerkings en dit wys dat sy haarself nie te ernstig opneem nie. Dit plaas haar in 'n posisie om objektief te wees en sake van 'n ander kant af te beskou.



Maureen Struwig

Om in 'n nuwe werksomgewing in te stap, is altyd baie senutgerend, of jy nou jare ondervinding het of 'n nuweling is. My raad aan so persoon sal wees, behou jou waardes en eie identiteit, maar binne die werksomgewing en reëls. Moenie verander sodat mense van jou moet hou nie, ons is almal uniek. Geniet die ervaring wat jy gegun is, maak die beste daarvan "let your inner light shine" Ons lewe net eenkeer.

GRONDLYN

Christus ons Rots om op te bou in Orania

- dr Wikus Buys

Die Here Jesus het 'n baie bekende gelykenis vertel van twee mans wat elkeen 'n huis bou (Lukas 6:46-48). Alles was by al twee presies dieselfde, behalwe die fondament. Die een man, die wyse een, het diep gegrawe deur al die sand, totdat hy by rots uitkom. Op dié rots het hy toe sy huis klaar opgerig. Die dwase man, bou sonder 'n fondament op sand.

In Orania is ons besig om te bou. Daar is baie planne en dis harde werk. Uit die Here Jesus se gelykenis kan ons baie leer oor hoe ons moet bou.

Ons lig 'n paar dinge uit:

Woorde en werke

Die gelykenis het die Here Jesus vertel na aanleiding van wat mense vir Hom sê: "Here, Here", maar hulle dade wys dit nie. Die eerste saak om te leer is dat indien mens met God die pad wil loop, dit ten eerste beteken dat mens moet doen wat Hy sê. God praat met ons deur sy Woord en Gees. Dit help nie mens wil 'n pad met God stap, jy wil 'n suksesvolle toekoms bou, maar die een basiese ding kom kort nie: ons moet vir die Here luister. Dit beteken dat ons sy Woord, die Bybel, ernstig moet opneem vir ons hele lewe.

Dit is die groot verskil tussen 'n wyse mens en 'n dwaas. 'n Dwaas het 'n spesifieke domheid aan hom. Psalm 14:1 leer dit baie duidelik: "Die dwaas sê in sy hart: daar is geen God nie." Dwaasheid kom ook onder slim mense voor. Mense wat dink dat hulle beter weet as God, en dat hulle sy Woord nie in ag hoef te neem nie. Om vir die Here met jou mond te sê: "Here, Here", maar jou werke wys dat jy optree asof Hy nie bestaan, en asof Hy niks te sê het oor ons werke nie, is praktiese dwaasheid. **Orania se nuwe grondwet**

Dit is die groot verpligting wat ons as Oraniërs op onself gelê het met die aanvaarding van die nuwe grondwet van Orania verlede maand. Daarin betuig en verklaar ons openlik: Jesus Christus is die Here en Koning oor alles. Daarmee sê ons as gemeenskap dus vir God se Seun: "Here, Here." Laat ons bouwerk van ons hande, nou pas by die hartsuitspraak van ons mond. Die Bybel leer ons duidelik dat geloof en werke nou verbind is aan mekaar. As protestantse gemeenskap doen ons nie goeie werke om God te probeer beïndruk dat Hy ons in die hemel inlaat nie. Ons sê: "Here, Here" omdat Hy eerste na ons toe gekom het, en sy genade aan ons bewys het. Dit het Hy gedoen deur sy Seun se kruisdood en die uitstorting van die Heilige Gees. God gee deur die wedergeboorte, deur die doop met die Heilige Gees, aan ons ware geloof. Geloof wat in dade te voorskyn kom. Geloof is om God op sy Woord te vat. Om te luister, en te doen wat Hy sê.

Christus is ons fondament

Die tweede ding wat ons leer uit die Here Jesus se gelykenis is dat die twee huise, natuurlik behalwe hulle fondament, dieselfde mee gebeur. Dieselfde storms en winde gaan oor albei huise heen. Dit moet ons op Orania ook weet. Die Bybel leer dit reën oor die regverdige en die onregverdige. Beprowings sal daar ook vir ons in Orania wees. Die beproewings is juis 'n toets. Die toets of daar ware geloofswerke betrokke was by die bouwerke. Wat maak dan nou die verskil tussen die twee huise, want die een bly staan en die ander een word weggespoel? Die fondament maak die verskil. Om op sand te bou is dwaas. Dit beteken om vir jouself, en selfs vir jou nageslag 'n toekoms

te probeer bou, sonder om te hoor en te doen wat God sê, dwaasheid is. Die einde van jou onderneming se uitslag is vooraf bekend: dit sal nie standhou hou nie.

Dit is waarom Orania se voorbeeld so belangrik is nie, nie net vir die res van ons Afrikaner volk nie, maar ook vir baie ander volke in Afrika en regoor die wêreld. Daar is baie gemeenskappe wat worstel en stoei met selfbeskikking. Orania doen dit ook. Ons wil ook 'n huis van selfbeskikking bou om vry in te leef. Ons wil ook die dorp tot 'n stad opbou, die streek ontwikkel en uiteindelik ons Afrikaner republikeinse staat uitroep. Dis ons huis wat wil ons wil bou. Sonder Christus beteken al hierdie planne egter niks.

Christus is die Rots waarop ons moet bou. God self moet die Boumeester wees van ons bouprojek. Dan sal ons deur die sand grawe en vastigheid kry in ons onderneming. Daar is een ding waarmee die Here met Orania besig is wat baie nuut en anders is. Orania, ook op skrif in ons grondwet, het aanvaar dat ons werk as volk 'n dankoffer aan die Here moet wees. 'n Dankoffer omdat ons Christus ken, omdat ons vervul is met die vrug van sy geregtigheid (Fil. 1:11).

Reformasie - nie rewolusie

Dit is inderdaad 'n daad van reformasie wat besig is om deur te breek in ons leeftyd. 'n Volk wat vir die eerste keer self hulle werk doen as dankoffer aan God. 'n Bekering daarvan om gedurig ander volke in te span om vir ons die swaar werk te doen, terwyl ons self vry wil wees. Dit gaan nie maklik wees om hierdie reformasie te volvoer nie. Die winde en storms - ook van die sosialistiese en kommunistiese rewolusie, gaan ook oor ons koppe woed.

As ons volkshuishouding vanuit Orania grondvas op die Rots Jesus Christus gebou is, dan sal God self die verskil aantoon tussen 'n dwase gemeenskap wat sonder en teen God wil bou (en breek), en 'n wyse gemeenskap wat op Christus die Rots wil bou. Daar is 'n reuse verskil tussen Reformasie en Rewolusie. Ons is nie dwase rewolusionêre nie. Laat ons op Christus, en op Hom alleen, bou. Dan sal ons huis staan. Dan sal dit blyk dat God self sy hand se seën oor ons uitsprei. Die toekoms van Orania staan of val by ons werk. Werk wat op die Rots bou, of werk in die wind as ons God ignoreer. God het aan ons hierdie wonderlike, maar soms swaar en moeisame taak opgelê, om ons volk se arbeidspraktyk te reformeer na sy Woord. Dit is inderdaad 'n groot baken in ons geskiedenis. Laat ons dan op die gelykenis woorde van ons Here Jesus ag slaan. Sand of rots - waarop bou ons? Ons het met ons nuwe grondwet gesê dat Jesus Christus die enigste ewige Rots vir Orania is. Laat ons werke van bou nou pas by ons woorde van belydenis.



OPVOEDKUNDIGE REEKS

Tipes, temperamente en teorieë

Voordat ons elke Temperament van nader bekijk, 'n kort verwysing na die ontwikkeling van die Vier Temperament Teorie oor 2 500 jaar. Hippokrates het veronderstel dat gesondheid en gedrag bepaal word deur vier liggaamsvloeistowwe: bloed, geelgal, swartgal en slym en dat 'n wanbalans in die vloeistowwe siektes en gedragsveranderinge veroorsaak. Maar intussen het dosyne ander persoonlikheidsteorieë ontwikkel. Hoewel die verband tussen liggaamsvloeistowwe en persoonlikheid nie die toets van die tyd deurstaan het nie, het die ontleding van persoonlikheid aan die hand van vier temperamente wel (so ook Hipokrates se name). Vandag is daar impiries bewys dat ons persoonlikheid gevorm word deur 'n wisselwerking tussen ons biologiese temperament en ons ervaringe.

Dit sou 'n ooreenvoering wees om te sê dat 'n persoon slegs deur een van die vier Temperamente gekenmerk kan word. Ons is almal 'n mengsel van ten minste twee; die een oorheers, die ander is sekondêr.

Onderliggend aan elke Temperamente is spesifieke dieperliggende BEHOEFTE. Dit bepaal elke Temperament se tipiese gedrag. Wanneer ons behoeftes bedreig word, voel ons verplig om op 'n sekere manier op te tree. Dit is net so sterk soos die behoefte om te eet. As ons honger nie versadig word nie, sal ons enige iets doen om dit te stil.

Die Sanguine - Geel Gal

Hul diepste emosionele behoefte is om ingesluit te voel; om raak gesien te word; om erkenning te ontvang en sintuiglik gestimuleer te word. Hul breine prioriteer nuwe ervarings; hul optimisme is 'n oorlewingsmeganisme en hulle filter outomaties

negatiewe stimuli uit. Hulle "kies" nie om gelukkig te wees nie; hul is bedraad om heelerste belonings raak te sien. Hulle fokus instinkief op die positiewe en om hoë energievlakke te behou. Hulle is die mees ekstrovert van al die temperamente.

Ek skilder vir jou 'n prentjie, kyk of jy jouself, of ander hierin kan herken:

Ek het haar een lenteoggend ontmoet. Ek het 'n seminaar oor Vroeëkindertontwikkeling namens die Jongvroueliga gereël. Ons het pas begin toe sy die vertrek deur die verkeerde deur binnekom. Sy het haar aankoms aankondig asof sy die eregas was vir wie ons gewag het. Santa het 'n heldergeel rok gedra en met groot armgebare verklaar dat sy jammer is sy is laat. Ek het agter in die vertrek gestaan, die ander mense het reeds gesit. Sy het vir my gewuif asof ons ou kennisse was, terwyl sy vir haarself 'n sitplek in die voorste ry uitgesoek het. Santa het entoesiasies aan die besprekings deelgeneem, en op 'n stadium het sy opgestaan, na die gehoor gedraai en haar mening oor die saak gelug asof sy spesifiek daarvoor gevra is.

Ons het beste vriendinne geword. Sy het by die Jongvroueliga aangesluit en was die inspirasie vir baie geleenthede wat sou volg. Met haar betrokkenheid het ons ledetal verdubbel en het ons meer uitdagende geleenthede aangebied - meestal haar idees. Santa het nie veel van die fisiese werk gedoen nie, maar was altyd daar om ons aan te moedig; en wanneer 'n geleentheid nie so suksesvol was nie, het sy ons verseker dat die volgende een 'n groot sukses sou wees.

Santa het die hart en siel van die organisasie geword; sy het van almal se vreugdes en sorges geweet.



KEN JOUSELF.

VERSTAAN ANDER.

'n Sleutel tot beter kommunikasie, verhoudings en effektiewe opvoeding.

Maar 'n paar jaar later is haar man na 'n ander dorp verplaas, en ons het nooit weer van haar gehoor nie.

Ons kyk volgende keer na die uitdagings van die Sangieuse temperament.

Contessa Kruger
- www.herlaai.co.za



Witkruisprojek se momentum brandend


8

dae tot die Witkruisprojek
in Washington, VSA.



Lex Libertas se veldtog om 3 000 kruise by die Withuis in Washington DC te gaan plant vir verdere bewusmaking van plaasmoorde vind plaas op Saterdag 26 September. Die fyn beplanning vir 'n Washingtonkonferensie op 25 September is in volle swang. Daar is twee maniere waarop Afrikaners en ander ondersteuners steeds betrokke kan raak. Teken die petisie of koop 'n kruis deur die volgende skakel te volg: www.whitecrossproject.org

In hierdie verband het Lex Libertas saamgespan met die New York Young Republican Club (NYYRC). Die doel is om 100 000 name op die petisie te verkry voordat dit formeel aan die President van die Verenigde State, die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake en die Withuis oorhandig word.



Op Woensdag 19 Augustus het Kobus van der Merwe, een van die voormalige Orania Dorpsraad uitvoerende hoofde en besigheidseienaar, sy 80 jaar op aarde gevier! Hy is 'n bron van inligting en het al geweldige diep spore in Orania getrap. Hy is eggenoot, pa, skoonpa, oupa en 'n geliefde inwoner. Mag die jare wat volg met gesondheid en vrolikheid gevul wees!



Mevrou Freda Jacobsz is op haar 90ste verjaardag deur haar dogters Magda Coetzee en Veronica Middel bederf. Dié statige Karoosig-inwoner het op Donderdag 20 Augustus dié pragtige mylpaal gevier. Die hele familie het 'n gesellige ete by 'n plaaslike restaurant geniet. Die familie spreek hulle dank teenoor Sr Mariska Boshoff en die personeel van Karoosig Aftreeoord uit vir die mooi versorging van die bejaardes.



MONTE CROUS

RESTAURANT, KROEG & HOTEL

- HAMBURGERS
- PIZZA
- BEESHAAS
- PORTUGESE KOOKKUNS
- SONDAG ETES
- KINDER SPYSKAART
- SPYSKAART VIR HONDJIES
- MENGELDRANKIES
- YSKOUE BIER
- 'CIDERS'
- WYNE
- KOELDRANKE
- MELKSKOMMELS

WAT BIED ONS -

- PRAGTIGE UITSIG
- SWEMBAD
- SPRINGKASTEEL
- SEMINAAR LOKAAL
- INTIEME TROUES
- BOOT UITSTAPPIES

MAANDAE - SATERDAE
08H00 - 22H00
SONDAE
08H00 - 15H00

MADLIEFIE STRAAT 38 - VANDERKLOOF NOORD KAAP



BESPREKINGS 067 394 0025
www.montecrous.co.za

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Regsoplossings wat jou leefwêreld verbeter

- Advies met verkoop van eiendom
- Opstel van koopoppleenkomste
- Registrasie van oordragte
- Notariële waarmerkings
- Algemene regsadvies
- Eiendomsreg
- Testamente



KONTAK ONS VANDAG NOG!

Tel: 012 941 9239 • E-pos: admin@hurterspies.co.za

BKO brei praktiese landbouopleiding uit met Bosrand-werkswinkelfasiliteite op die Leer-My-Hoe Proefplaas



Appie Pienaar, voorsitter van die BKO direksie, tydens die sooispitseremonie van die nuwe Bosrand-werkswinkel op ons Leer-My-Hoe-Proefplaas. Appie het die groei van BKO as katalisator vir die ontwikkeling en vooruitgang van Orania as Afrikanergroeipunt beklemtoon.

Nog 'n eerste BKO Literêre kompetisie!



Nina de Villiers ontvang haar sertifikaat van Doret le Cornu.

Die weners in onderskeie kategorieë is:

Mekyla Norval (Prosa eerste plek, Duiker Dameskoshuis)
Annette Nortje (Prosa tweede plek, Heldehuis Daghuis)
William Marshall (Prosa derde plek, Steenbok Manskoshuis)
Nina de Villiers (Poësie eerste en derde plek, Duiker Dameskoshuis)
Eben Mans (Poësie tweede plek, Vaalbos Manskoshuis)



Op 'n suksesvolle Interkoshuis Sêrkompetisie! Baie geluk aan Steenbok Manskoshuis wat met eerste plek weggestap het.

Kom studeer op ons
kampus sonder mure

Tersiêre opleiding in skaars vaardighede
LANDBOU | TEGNIES | VERSORGING | VKO

#VryheidDeurOpleidingEnArbeid
#StudietuisteVirAfrikaners



www.bko.co.za
ontvangs@bko.co.za
053 110 0620



BKO
BO-KAROO OPLEIDING

10 VRAE AAN... Elmarie Lambrechts

1. Wat is julle gesinslede se name en kinders se ouderdomme, asseblief?

Arno Lambrechts, Elmarie Lambrechts en ons kinders Riegardt Lambrechts (30) en Annika Lambrechts (Britz) (25) wat in die buiteland (Pretoria) woon.

2. Wanneer het jul na Orania verhuis? Van waar af?

Ek en Arno het Augustus 2020 en Riegardt in April 2021 vanaf Pretoria na Orania verhuis.

3. Jy het jare by die Ouditeur-Generaal gewerk. Wat was jou posbenaming en pligte?

32 jaar, en ek was die Operasionele Bestuurder waar ek verantwoordelik was vir die bestuur van die Adminspan wat alles rakende Menslike Hulpbronne hanteer het. Ek moes "hire en fire".

4. Hoe het dit gebeur dat jy en jou vennote Kontreiwinkel gekoop het?

Ek het vir 'n jaar by Senbel gewerk as operasionele bestuurder, maar my hart was nie daarin nie. Ek het gehoor die Kontreiwinkel is te koop en ek en Arno het met Tanya en Burger (my swaer en skoonsuster) gepraat om te hoor of hulle nie saam met ons die winkel wil koop nie. En siedaar!

5. Is daar 'n afdeling in die winkel wat vir jou 'n gunsteling is? Waarom?

In elke afdeling vind ek bevrediging, maar as ek moet kies, die koffie-afdeling, ek is 'n koffiesnob en dan die kunsafdeling.

6. Watter kwaliteite van ander mense admireer jy?

Eerlikheid, mense wat by hulle beginsels bly.

7. Wat is die beste raad wat jy ooit by 'n mentor gekry het? Wie was dit?

"Verbeter jouself tot die dag wat jy jou kop neerlê" – Lou Tice, stigter van die Pacific Institute.

8. Watter drie redes sal jy aanvoer indien jy iemand wil oortuig dat Orania 'n potensiele tuiste vir hul kan wees?

As jy dit wil ervaar wat ek as kind ervaar het, kom Orania toe en word deel van 'n gemeenskap waar jy tuis voel.

9. Wat is twee doelwitte wat jy vir jouself stel om voor die einde van 2026 te bereik?

My eerste miljoen te maak – of dalk net 'n klein vakansie...
My kunsvertrek by die huis uit te sorteer!

10. Watter stokperdjies vul jou ledige ure (indien enige)?

Bak, loodglas, verf, naaldwerk, hekel en vele meer!



NUUSBROKKIES

Brand geblus tydens stormsterk winde



'Die Orania Veiligheidsdienste (OVD) het op Vrydag 4 September weereens gehelp om 'n brand op 'n buurplaas te blus, terwyl uitsonderlike sterk wind ook heelwat bome in die dorp omgewaai het. Die nuwe brandweerwa wat in 2025 aangekoop is kon weer ingespan word vir noodsaaklike werk. Die Orania Dorpsraad se Infrastruktuur- en Gemeenskapsdienste het probleme aangespreek soos dit nodig was.

Orania Rolbal nader gereedheid



Francois van Schalkwyk is 'n entoesiastiese speler en bestuurslid van die Orania Rolbalklub. Hy vertel dat spelers in Oktober die baan op die proef behoort te kan stel. Die gras word binnekort op speelbare lengte gesny. Hy sien daarna uit om die telborde, nuwe matjies en wit balletjies uit te rol vir die eerste proeflopie op die bane wat met nommers en grense uitgemeet is.

Steve besoek die Paul Krugermunument

"Ek voel myself altyd tuis hier, op 'n heel anderste manier. En die eerste Oraniër wat ek raakloop is oom Paul." – Saterdag 5 September



Sooi op BKO-proefplaas gespits



Op Maandag 7 September is die sooi vir nuwe studentefasiliteite op Bo-Karoo Opleiding (BKO) se Leer-My-Hoe Proefplaas, gespits. Die ontwikkeling bestaan uit vier hoofkomponente:
– 188 m² werkswinkel
– 60 m² veeldoelige ruimte
– 100 m² afdak
– 32 m² nuwe ablusiegeriewe



Op Dinsdag 21 Julie om 22:35 het mamma Lianey haar tweede dogtertjie verwelkom. Ousus Melea (2) is baie beindruk met haar kleinsus, Mila Pienaar. Klein Mila het 'n skamele 3.150 kg geweeg.



VERKIESING

4 November 2026

Waar elke Oraniër se stem tell!

BELANGRIKE DATUMS

Nominasie van kandidate:
11 Sept - 7 Okt



Registrasies:
11 Sept - 21 Okt

Orania Poskantoor
8:30 - 12:30
13:30 - 15:30

Is jy 'n Orania inwoner?

Kontroleer jou besonderhede so gou as moontlik.

Het jy eers na 2021 se verkiesing
verblyfreg gekry?
Kom registreer!



082 338 9569

oraniaverkeiesingskommissie@gmail.com

Posbus 181, Orania, 8752

Orania Verteenwoordigende Raad



KOERANIA
www.koerania.co.za

Stuur jou
nuuswenke of
foto's na
redakteur@
koerania.co.za

ORANIA DAGBOEK

September
18 Koerania Uitgawe 34

Oktober
1-3 Orania Karnaval
2-3 Hangman kompetisie
3 Die Heuwels Fantasties
10 Helledag (Orania Beweging)
16 Koerania Uitgawe 35
16 Mundegging t.b.v. Karoosig
31 J'elan Danskonsert

November
4 OVR-verkiesing
6 Vrouetoneel (OKeR in Pretoria)
7 TYDLOOS: Dansvertoning
8 Stap vir Jesus
11 Witkruisdag
18 Huppelkind Opedag en Kleureadetië
20 Koerania Uitgawe 36

Desember
11 Koerania Uitgawe 37
16 Gelofedag
25 Kersdag
26 Welwillendheidsdag

Stuur jou gebeure se volledige inligting na advertensies@koerania.co.za

Orania Dagboek word met trots geborg deur



Portfire
Privaat Portefeuljies | FSP 50779

Sel: 067 777 7772 | E-pos: info@portfire.co.za

Maryna de Klerk
Makelaars BK

FSP 14913

Kontreiwinkel
Jou eenstop-pretplek!

KARNIVAL
PRET BEGIN HIER!

Oktober is om die draai...
en ons maak seker die pretpakket is reg!

Speletjies
vir ure se lag
en kompetisie!

Squishies
Druk hom, squish hom...
jy weet jy wil!

Orbi-gewere
Mik, skiet en
hê hope pret!

Gloei-items
Laat jou pret
ná sonder
voortgaan!

Lekkernye
Want geen Karnaval
is volledig sonder
iets lekker om te knibbel nie!


POP CORN

Jou eenstop-pretplek vir die
Oktober-Karnaval!

- ✓ Groot verskeidenheid
- ✓ Bekostigbaar
- ✓ Vir almal se pret
- ✓ Net by die Kontreiwinkel!

Fanus bring Mosselbaai ondervinding na Sakekamer

Fanus Truter, Onder-voorsitter:
Mossel Bay Business Chamber, was
die gasspreker by vandeesdaand se
sakeontbyt.



Tony Correia

Die onlangse besoek van Fanus Truter, ondervoorsitter van die Mosselbaai Sakekamer, het 'n vars en berekende blik op plaaslike ekonomiese bouwerk gebied. Sy boodskap aan die sakegemeenskap was onomwonde: "ekonomiese selfstandigheid gebeur nie toevallig nie en entrepreneurs wat op geïsoleerde eilande funksioneer, knou ons gesamentlike slaankrag."

'n Sakekamer bestaan nie bloot vir maandelikse handskudsessies nie; dit is 'n strategiese hefboom om infrastruktuuruitdagings te trotseer en plaaslike bates doelgerig saam te snoer. Fanus vertel: "Mosselbaai se sukses bewys dat gemeenskappe nie op eksterne redders hoef te wag nie—wanneer entrepreneurs georganiseerd optree, skep hulle hul eie swaartekrag."

Truter se sterkste uitdaging aan Orania is om verby blote organiese groei te beweeg na geteikende kapitaalwerwing. Die idee van 'n formele beleggerskonferensie bied 'n konkrete platform om plaaslike inisiatiewe aan buite-kapitaal te koppel—sonder om eienaarskap, plaaslike beheer of Orania se unieke waardes prys te gee.

Orania se sakegemeenskap beskik oor die werksetiek en die geleentheid; die taak voorhande is om eie projekte met dissipline, beleggingsgereed te verpak en georganiseerd uit te voer.

Ons Paradys Tuinuitdaging '26

Is jy 'n beginner wanneer daar oor tuinmaak gesels word, of dink jy meer met jou beursie sodat daar prakties gewerk kan word om jou eie lushof te skep?

Koerania is 'n gemeenskapskoerant wat daarna uitsien om weer die gemeenskap se kreatiewe verskeidenheid te sien wanneer dit by tuinmaak kom.

Die Ons Paradys Tuinuitdaging skop nou af en registrasies sal tussen nou en 28 Oktober 2026 verwelkom word.

Indien daar 'n buurman of buurvrou se tuin is wat jou aandag trek, is jy welkom om daardie tuin en die samesteller daarvan te nomineer. Deelnemers van alle ouderdomme word verwelkom.

Die wenners in onderskeie afdelings sal tydens 'n spesifieke geleentheid aangekondig word.



Laat jou
tuin blom
Orania!

Vir watter afdeling of afdelings registreer jy?

1



Beginnerstuin
- Nie ouer as 3
jaar nie

2



**Gevestigde
tuine**

3



**Groenteboks /
Groentetuin /
Pallettuin /
Vertikale tuin**

4



Grasperk

5



**Sakpas
tuinmaak (idee
in die klein)**

6



**Besigheid se
tuin**



Die skakel na die registrasievorm sal in Septembermaand se Koerania beskikbaar gestel word.

Reëls en regulasies:

1. Alle afdelings is oop vir alle Orania inwoners, uitwoners en huurders, solank die tuin in Orania beskikbaar is vir besigtiging.
2. Indien jy onseker is oor die afdeling waarvoor jy moet inskryf kan jy Karin Buys kontak vir advies.
3. Jy is welkom om iemand anders se tuinwerk per afdeling te nomineer.
4. Daar sal uiteindelik drie beoordelaars wees om die uitdaging se wenners aan te wys.
5. Die name van wenners sal in die Koerania van Desember 2026 aangekondig word.
6. Alle registrasies moet voor 28 Oktober 2026 ingehandig word. Geen laat registrasies sal vir die uitdaging in ag geneem word nie.
7. Geen plastiek of nagmaakte blomme of plante sal vir enige van die afdelings in ag geneem word nie.

8. Die beoordelaars se besluit sal finaal wees en geen verdere korrespondensie sal na afloop van die uitdaging toegelaat word nie.
9. Beoordelaars behou die reg voor om persone te diskwalifiseer indien hul enige van die reëls en regulasies sou verontagsaam.
10. Geen foto's van u tuin word benodig vir die gratis registrasie nie. Foto's sal wel gedurende die beoordelingsproses geneem word.
11. U registrasie bevestig dat u instem dat die beoordelaars en media met u kennisname u tuin kan besoek en foto's kan neem.
12. U persoonlike data wat op die vorm verskyn word met niemand anders gedeel nie.
13. U registrasie bevestig dat u instem dat Koerania foto's van die tuin en van u as deelnemer mag neem en publiseer.
14. Die beoordelaars mag nie aan die uitdaging deelneem nie.
15. Geen wenners (eerste plekke) van die 2025 uitdaging mag vanjaar deelneem nie, maar wel weer in 2027.



Met trots
aangebied deur



KOERANIA

VANUIT DIE GEHOOR

FACEBOOK - ORANIA KUNSTERAAD OKER

Taal met trots gevier

Taalweek is gedurende Augustusmaand gevier, soos wat dit elke jaar die geval is. Daar word jaarliks 'n heerlike program vol kultuur en kuns aangebied waaraan die gemeenskap kan deelneem of kreatiewe geleenthede wat bygewoon kan word. Vanjaar was geen uitsondering nie.

Geniet 'n paar foto's van die hoogtepunte.

Foto's: Groeipunt



Huppelkind Poppekas was hope pret vir die jongklomp.




Befaaamde kunstenaars Marinda le Grange en Cornelia Holm in gesprek tydens 'n unieke kunsuitstalling. Vanjaar het OKeR op Taaldag, 14 Augustus, 'n kuns- en fotografie-uitstalling aangebied.



Die Kortfilmfees is kreatief ondersteun. Hier is Anje Boshoff waar sy 'n toekenning vir haar animasiefilm ontvang van Annamarie van der Merwe. 'n Onvergeetlike aand met 43 kortfilminsrywings.



Musiekblyspel: Professor van Orania
Op 11 Augustus was die Gemeenskapsaal stampvol. Almal was nuuskierig om te sien wie die "Professor van Orania" is. 'n Onvergeetlike produksie waarin gemeenskapslede hul talent kon toon. Alles ten bate van die oprig van ons eie Teaterhuis.



Toneel: Die Plaaskombuis
Esna de Beer en Carel Boshoff in aksie. Foto's verskaf deur Groeipunt



Boekbekendstelling in samewerking met Die Vryheidstigting
Burgert Senekal in gesprek met dr Caryl Boshoff oor sy boek: Selfstandigheid en vryheid - 'n Geskiedenis van Orania.

Jacobus Silwer is 'n baie veelsydige kunstenaar. Op 15 Augustus het hy eers 'n balpuntepenwerkwinkel in Orania aangebied. Wat 'n unieke kunservaring! Daarna is Oraniërs vermaak met 'n onvergeetlike musiekvertoning!




Wind of weer: CVO in Orania gaan GROOT

Dit was die paar dae voor Orania Gaan Groot ook nat en koud met stormsterkte winde, maar niks kon dié groot jaarlikse geleentheid stuit nie. Alhoewel daar veel meer kaartjies vir die musiekfees verkoop is, het die honderde wat wel die tent vol gesit het, die kunstenaars se optredes terdeë geniet.

'n Besoeker merk op: "Dit was ysig, maar die musiek het ons harte warm laat klop!" Die Springbokrugby, waar Suid-Afrika vir Nieu-Seeland 29-24 geklop het, is op die grootskerm vertoon. Pannekoek-, burger-, koffiestalletjies en nog meer was deur verskillende grade van die skool behartig. Tot volgende jaar!



Bok van Blerk




Steve Hofmeyr
Foto's: Leonie Deyssel



Steve Hofmeyr en Demi Lee Moorer



Chris van Niekerk



Demi Lee Moore

Oranjerivier Gimnastiekklub blink uit!



Thalita Schoeman het ontvang trofee vir die beste baldans en beste vriedans ontvang.

Nina Murphy

Lienke Jacobs het goud verwerf vir die lintdansafdeling..

Die Oranjerivier Gimnastiekklub het sedert sy beskeie begin in Julie 2018 as gimnastiekbeginsels-klasse in die Gemeenskapsaal se sissaal gegroei tot 'n florerende spilpunt vir plaaslike talent. Vandag spog die klub met sy eie gespesialiseerde ruimte in die Saamstaan Winkelsentrum, wat uit drie vertrekke bestaan en ook tuiste bied aan twee ander dansskole. Sedert amptelike registrasie by Gimnastiek Suid-Afrika in 2023, neem die gimnaste gereeld deel aan interklub-kompetisies in Kimberley, Port Elizabeth en Bloemfontein.

Die klub bied ritmiese gimnastiek vir dogters van 2 tot 13 jaar, raseleiding vir dogters van 7 tot 18 jaar, en strekklasse vir seuns en dogters. Die afrigting rus op drie goue reëls: elke klas begin met gebed en dankbaarheid vir 'n gesonde liggaam, elke kind word met omgee hanteer, en klasse is leersaam én lekker. Ritmiese gimnastiek eis hoë soepelheid, konsentrasie en styl om musiek, apparaat en liggaamlike elemente te kombineer, maar die ontwikkeling van die kind as geheel staan altyd voorop. Sukses word gemeet aan elke kind se individuele vordering op hul eie tempo.

Dat hierdie benadering vir afrigter, Michelle Jacobs, vrugte afwerp, is pas weer bewys. Op 5 September 2026 het 11 gimnaste van die klub aan die Interprovinsiale Gimnastiekkompetisie in Bloemfontein deelgeneem — die hoogste vlak vir Vlak 1 tot 3-gimnaste in Suid-Afrika. Die span het spogprestaties gelever deur 5 van die 7 beskikbare trofee vir die hoogste punte van die dag te verower, tesame met 4 goue, 6 silwer en 1 brons medalje.

Plaaslike inwoners kan ook uitsien na 'n besondere hoogtepunt op die kultuurkalender. Op 7 November hou Oranjerivier Gimnastiekklub, Kirsten Balletskool, Weltevreden Dans Akademie en Koeksuster Kuns kragte saam vir 'n groot gesamentlike konsert. Dit belooft om 'n tentoonstelling van talent en vreugde te wees wat niemand sal wil misloop nie.

Trofee is uitgegee vir die hoogste punt van die dag per dans oor alle ouderdomme:

Pret Gimnastiek – Lienke Jacobs ontvang die trofee vir die beste Pret Gimnastiek dans

Vlak 1 – Talitha Schoeman ontvang trofee vir die beste baldans en beste vriedans.

Vlak 2 – Nina Murphy ontvang die trofee vir die beste hoepeldans.

Vlak 3 – Kiana Strydom ontvang die trofee vir die beste lintdans.

Medaljes:

Goud – Lienke Jacobs, Donnalee van der Westhuizen, Talitha Schoeman, Nina Murphy

Silwer – Cecilia Wessels, Carli Swanepoel, Cara Lambrecht, Elana Swanepoel, Kiana Strydom, Anneri Pereira

Brons – Petro Vermeulen



Van links, Carli Swanepoel, Talitha Schoeman, Cecilia Wessels en afrigter Michelle Jacobs

Linda laat die skeie tol



FOTO: VERSKAF



Drie spanne is gekies om die Noord-Kaap tydens die meesterstoernooi in Kroonstad vanaf 28 September tot 2 Oktober te verteenwoordig. Dit sal Linda Cummings onderwysers by Volksskool Orania, se derde meesterstoernooi wees waaraan sy gaan deelneem.

Volgens Linda, 'n jukskeispeler van Orania, is dit 'n Afrikanersport vir die hele gesin! "Van so jonk as 5jarige ouderdom af kan die skeie hanteer word en kan die samesyn begin."

Daar is verskillende afdelings waarin liefhebbers kan deelneem:

- Kinders tot 18 jaar – SA juniorkampioenskappe.
 - Volwassenes vanaf 19 jaar – SA Akademie en SA Senior kampioenskappe.
 - Volwassenes vir meesters is mans bo 50 jaar en vroue bo 45 jaar.
- "Ek het jukskei gekies want dis iets wat ek, my ma en my seun saam aan kan deelneem. Die jukskeispelers word soos 'n familie en daar is nie hoogmoed in die sport nie," vertel 'n gefokusde Linda.

Orania Motors
Onderdele

064 995 5060 – Johan

079 566 4254 – George

143 Saffier St

oraniamotorsonderdele1@gmail.com



ONS SPESIALISEER IN DIE VOLGENDE:

- ✓ Algemene onderdele
- ✓ Bekostigbare olies
- ✓ Diensparte
- ✓ Batterie
- ✓ Skoonmaakmiddels
- ✓ Gereedskap

